

## HOOFSTUK 2

### BEGRIPSOMSKRYWING : ALGEMENE TERMINOLOGIE

Indien 'n betekenisvolle waardebepaling en meting van musikale aanleg onderneem moet word, is dit nodig om vooraf 'n definisie of algemene omskrywing daarvan te gee. Die begrip 'aanleg' is egter in die literatuur omring deur soveel begripsverwarring en semantiese dubbelsinnighede, dat daar kwalik van eenstemmigheid met betrekking tot die betekenis sprake kan wees (Crites, 1969, p.26; Oosthuizen, 1972, p.9). Om 'n begrip soos 'aanleg', wat net soos 'intelligensie' dikwels in die literatuur as 'n vae en onsamehangende konsep voorkom, nader te presiseer en tot 'n sinvolle definisie te reduseer, is geen geringe taak nie.

Verskillende terme word naas 'aanleg' in die literatuur aangetref wat in redelike noue verband daarmee staan. Die terme 'aanleg' (aptitude), 'vermoë' (ability), 'talent' (talent), 'kapasiteit' (capacity), 'begaafdheid of gawe' (giftedness, endowment), 'bekwaamheid' (proficiency), 'geskiktheid' (capability) en 'genie' (genius) is dan ook nou verwant en nie altyd duidelik onderskeibaar in sowel algemene betekenis as besondere toepassing nie.

Linguistiese oorvleueling kom in verskeie tale voor en teenstrydighede en betekenisverdubbeling kan selfs in een woordeboek aangetref word.\*<sup>\*)</sup> Die volgende tabel dien as toelighting.

---

\*<sup>\*)</sup> Vide Bosman et al (1962): Tweetalige woordeboek. Kaapstad, Nasionale Boekhandel.

	Woorde in Engels wat vertaal word met aanleg / vermoë / bekwaamheid	Moontlike sinonieme	Aanleg / vermoë / bekwaamheid word in Engels vertaal met:
Aanleg:	aptitude, faculty, capability, endowment	vermoë, talent, geskiktheid, gawe, begaafheid	ability, aptitude, talent
Vermoë:	ability, capacity, faculty, potential, power	bekwaamheid, gawe, talent, aanleg, bevoegdheid, potensiaal	ability, power, capacity, faculty, potential
Bekwaamheid:	aptitude, ability, capacity, capability, attainment, accomplishment, competency, efficiency	aanleg, bedrevenheid, knapheid, geskiktheid, bevoegdheid, handigheid, vaardigheid, doeltreffendheid, vermoë, kapasiteit	ability, competence, capability, capacity, proficiency, efficiency, skill, fitness

'n Enkele term kan ook verskillende betekenisse in verskillende tale dra (Eysenck et al, 1972, p.5). Daarenteen word aanleg, begaafheid, bekwaamheid, talent en kapasiteit dikwels feitlik as sinonieme gebruik. So beskou English & English (1961, p.2) byvoorbeeld 'kapasiteit' as 'n sinoniem vir 'vermoë', 'aanleg' en 'geskiktheid' (capability).

Dit wil verder uit die literatuur voorkom of die algemene term 'aanleg' (aptitude) in die VSA voorkeur geniet teenoor 'vermoë' (ability) of 'vermoëns' in Engeland. Die Franse woord 'aptitude' of 'capacité' stem skynbaar ooreen met die Engelse woord 'ability'. 'Aanleg', 'vermoë' en 'begaafheid' word almal in Duits meestal met 'Begabung' weergegee, met 'Eignung' of 'Fähigkeit' (geskiktheid, bekwaamheid) as moontlike alternatief. Die term 'begaafheid' word blykbaar meestal in Nederlands verkies met 'bekwaamheid' as sinoniem vir die Engelse 'ability'.

Vir die huidige ondersoek is veral die begrippe 'aanleg' en 'vermoë' ter sake en is 'n voorlopige onderskeiding op hierdie stadium toepaslik met noodwendige verwysing na die kwessie van oorwing teenoor omgewing as bepalende faktore.

'Vermoë' is die graad van bekwaamheid en begrip wat bereik is op enige ge= gewe oomblik terwyl 'aanleg' die potensiaal vir die verkryging van hierdie bekwaamheid en begrip is (Hill in Gordon, 1970, p.98). 'Vermoë' is dus teen= woordig en aktueel - 'n handeling kan nou, onmiddellik uitgevoer word as die nodige eksterne omstandighede dit toelaat. 'Aanleg', daarenteen, dui op po= tensiaal - deur oefening en opleiding kan die nodige vermoë ontwikkel word om 'n sekere handeling te kan uitvoer (English & English, 1961, p.39-40; Wolman, 1975, p.2). Anders gestel, as die huidige of vorige bekwaamheid ter sprake is, word van 'vermoë' (of prestasie) gepraat terwyl as daar met betrek= king tot toekomstige vaardighede, kennis of bekwaamhede afleidings gemaak word, word 'aanleg' betrek (Crites, 1969, p.26). 'Aanleg' kan as relatief konstant en 'vermoë' as relatief veranderlik beskou word.

Die term 'vermoë' is in algemene betekenis meer omvattend as 'aanleg', tensy 'spesiale vermoëns' gebruik word, in welke geval dit meestal as sinoniem met 'aanleg' gereken word (Alberts, 1967, p.12; Guilford, 1959, p.342). 'Vermoë' word ook gebruik om sowel 'aanleg' en 'bekwaamheid' (Miller, 1961, p.276; Super & Crites, 1962, p.73) as 'intelligensie' en 'prestasie' (achievement) in te sluit (Goslin, 1966, p.14, 123).

Veral in die biologiese wetenskappe word dikwels onderskei tussen 'fenotipe' of gemanifesteerde en 'genotipe' of disposisionele eienskappe. Op soortgelyke wyse word dan soms onderskei tussen verworwe, geaktualiseerde eienskappe of vermoë enersyds en disposisioneel aanwesige, aangebore aanleg andersyds (Révész, 1952, p.166). Dit wil dus voorkom of aangebore eienskappe by 'aanleg' van primêre betekenis beskou word en 'vermoë' meer op verworwe kenmerke betrek= king het of in elk geval geen a priori implikasie met betrekking tot die rol van oorerwing bevat nie (Farnsworth, 1976, p.151). Ander skrywers beskou aan= leg as die produk van omgewingsfaktore en aangebore potensiaal (Gordon, 1965, p.1) en praat in dieselfde verband van kenmerke of vermoëns, aangebore sowel as aangeleer of verworwe (Lyman, 1971, p.187; Alberts, 1967, p.12; Fouché, 1968, p.41; Oosthuizen, 1972, p.14). Dit word dan ook meestal erken dat dit empiries onmoontlik is om 'n betroubare onderskeid te maak tussen verworwe en aangebore kondisies by psigologiese fenomene (Eysenck et al, 1972, p.5). Die onderlinge verband en dinamiese verhouding tussen oorerwing en omgewing

is van 'n te komplekse aard om sodanige skeiding van faktore te vergemaklik (Lehman, 1968, p.8; Hill in Gordon, 1970, p.98).

Dit wil tog voorkom of sommige skrywers meer besondere betekenis heg aan oorerwings- as omgewingsfaktore (Kwalwasser, 1955, p.72-73; Bentley, 1966, p.101; Shuter, 1964, p.411) en noem dat daar van 'n 'belangrike genetiese komponent' (Shuter, ibid.) sprake is. Uit talryke studies oor die onderwerp kan dit dan moontlik afgelei word dat aanleg 'in 'n hoë mate aangebore' is (Shuter, 1968, p.173). Tog blyk dit dat skrywers nie altyd 'n duidelike onderskeid maak tussen 'aanleg' en 'vermoë' nie. So beskou Fouché (1975, p.2, 4) 'aanleg' as sinoniem met 'spesiale verstandelike vermoë' en vertaal 'ability' met 'verstandsvermoë'. Die term 'vermoë' mag wel, soos bo gestel, breed genoeg geïnterpreteer word om nie alleen vermoëns, vaardighede en aanleg in te sluit nie, maar ook alle denkbare persoonlike karaktertrekke wat van betekenis is vir suksesvolle prestasie in elke kursus, vak of studie-onderwerp (Bennett, 1963, p.259).

Ten einde 'n duideliker beeld te probeer kry van die onderskeidingskenmerke van die term 'aanleg' teenoor aanverwante begrippe (vermoë, talent, bekwaamheid, begaafheid, kapasiteit, geskiktheid en genie) is 'n groot aantal omskrywings hiervan, soos dit in die literatuur voorkom, nagegaan, in 'n poging tot kategorisering van kenmerke en algemene analise. Dit wil voor kom of die verskillende omskrywings en definisies uiteenlopend maar nie geheel onverenigbaar is nie. Veel eerder is dit 'n kwessie van verskil in benadering en aksentplasing. Sekere aspekte en elemente kom dan ook by herhaling voor.

In 'n poging om 'n mate van ordening in die omvattende reeks van formulerings te bring en die verskillende omskrywings te klassifiseer, word die volgende stappe gevolg:

1. die belangrikste 'elemente' wat voorkom, word in rangorde van frekwensie weergegee;
2. die hoofelemente, wat as basis vir die betrokke definisies dien, word in rangorde geplaas;

3. 'n klassifisering in tipe van definisie word aangedui volgens aksent=plasing;
4. 'n samevattende definisie word op grond van die voorafgaande analyse gegee.

## 2.1 AANLEG

- Elemente in dalende rangorde met frekwensie aangedui:

Verkryging van vaardighede en/of bekwaamhede (20)	Potensiaal (14)
Vermoë (19)	Kenmerke of eienskappe (13)
Aangebore, natuurlik (18)	Aangebore en/of verworwe (10)
Oefening en/of opleiding (18)	Leervermoë, leergereedheid (10)
Kapasiteit (15)	Prestasie of uitvoering (8)
Kennis verkry (14)	Aktiwiteit (7)
Simptomaties, aanduiding of voorspelling gee (14)	Geskiktheid (7)
	Gedrag (5)
	Belangstelling (5)

- Hoofelemente in dalende rangorde met frekwensie aangedui:

Vermoë of vermoëns (18)	Potensiaal, potensialiteite (3)
Eienskappe of kenmerke (12)	Toestand of kondisie (2)
Kapasiteit (12)	Dimensie of abstraksie van gedrag (1)
Geskiktheid (4)	Bevoegdheid (1)

- Klassifikasie

Biologies-sosiaal: 'Kombinasie van aangebore eienskappe en/of verworwe bekwaamhede' (Adams, 1966, p.628; Karmel, 1970, p.465; Lyman, 1971, p.187).

Prognosties: 'Huidige toestand met 'n toekomsverwysing' (Bingham, 1942, p.22), 'Eienskappe, simptomaties van vermoë om bekwaamheid te verkry of om te leer' (Warren, 1934, p.18; Remmers et al, 1960, p.348; Good, 1973, p.37; English & English, 1961, p.39).

Opvoedkundig: 'Leergereedheid, leervermoë' of 'vermoë om baat te vind by opleiding' (Ahmann & Glock, 1971, p.360; Aiken, 1971, p.309; Thorndike & Hagen, 1969, p.644; Wrightstone et al, 1956, p.459; Hadley, 1961, p.653).

Behavioristies: 'Geskiktheid vir prestasie of uitvoering' (Révész, 1953, p.141; Freeman, 1955, p.306).

Biologies: 'Aangebore geskiktheid of vermoë' (Van der Walt, 1970, p.313; Révész, 1953, p.141; Marijnen, 1962, p.7), 'potensiële, onontwikkelde vermoë' (Freeman, 1955, p.306; Farnsworth, 1976, p.151; Duminy, 1959, p.38).

Empiries: 'Slegs gedefinieer as toetstellings- gebaseer op metings' (McKenzie in Hopson & Hayes, 1968, p.378; Bennett, 1963, p.254; Gekoski, 1964, p.44).

Summaties: 'Samestelling of stelsel van eienskappe, belangstellings, houdings, persoonlikheid.' (Warren, 1934, p.18; Remmers et al, 1960, p.348; Ahmann & Glock, 1971, p.360; Gekoski, 1964, p.34-37).

- Op grond van die voorafgaande analise sou 'aanleg' samevattend omskryf kon word as die grotendeels aangebore vermoë of kapasiteit wat 'n aanduiding gee van 'n individu se gereedheid om deur oefening en opleiding kennis, vaardigheid of bekwaamheid te verkry wat tot spesifieke aktiwiteit en prestasie kan lei.

Indien hierdie definisie getoets word aan die vereistes wat Super & Crites (1962, p.71-72) stel aan 'n wetenskaplike definisie van aanleg, naamlik spesifiekheid, eenheidsamestelling, vergemakliking van die leerproses met betrekking tot 'n sekere aktiwiteit of tipe aktiwiteit en relatiewe konstantheid met tydsverloop, kan die volgende opgemerk word.

Genoemde definisie is moontlik te algemeen en nie spesifiek genoeg nie. Die vereiste eenheidsamestelling ontbreek. Eenheidsdimensies van gedrag verwys

egter na die resultate van faktoranalise en 'n spesifieke statisties-metodologie se benadering en maak nie genoemde definisie noodwendig ongeldig nie. Uit 'n praktiese oogpunt beskou, is dit soos Super & Crites (ibid.) self erken, so dat die mees geldige huidige toetses dié is wat nie die eenheids-karakter van aanleg wat gemeet word, beklemtoon nie.

Die vereiste vergemakliking van die leerproses is ingebou in die definisie. Redelike konstantheid is nie duidelik genoeg gestel nie. Hieroor is daar in elk geval geen eenstemmigheid onder psigoloë nie (Tyler, 1956, p.222-223). In die algemeen kan opgemerk word dat aanlegte waarskynlik in die kinderjare beslag kry, daarna op voorspelbare wyse ryp en nie merkbaar deur onderrig, spesiale opleiding of ondervinding beïnvloed word nie - dus gewoonlik relatief konstant is (Super & Crites, 1962, p.72, 73). Laasgenoemde is van besondere betekenis uit die oogpunt van die prognosewaarde van 'n meetmiddel waar die besondere verwagte gedragspatroon of mate van sukses voorspel moet word (soos in die huidige ondersoek). Een van die kenmerkendste eienskappe van 'n aanlegtoets, waarsonder dit nie as aanlegtoets gereken kan word nie, is dan ook 'n waardebepaling van huidige funksionele vermoë sodat voorspelling aangaande potensiële funksionele vermoë gemaak kan word (Hadley, 1961, p.388).

Enkele teenstrydighede wat tussen die verskillende definisies van aanleg voorkom, is die volgende: Omgewingsfaktore word in die volgende beklemtoon:

'...as basis...agtergrond van ondervinding' (Ahmann & Glock, 1971, p.360);  
'...afhanklik van...omgewing en vorige opleiding' (Thorndike & Hagen, 1969, p.664); '...bepaal deur...omgewingstoestande...' (Oosthuizen, 1972, p.14).

Dit word in die volgende weerspreek:

'...nie 'n direkte produk van spesiale onderrig nie' (Freeman, 1939, p.182);  
'...bestaan onafhanklik van opleiding...' (Noll, 1957, p.264);  
'...nie merkbaar deur onderrig of ondervinding beïnvloed nie' (Super & Crites, 1962, p.73).

Wat die eenheidskarakter betref: '...moet nie beskou word as verstandseenhede of entiteite...' (Mursell, 1948, p.210). Daarteenoor: '...spesifieke eenheidsdimensies...' (Super & Crites, 1962, p.71; Crites, 1969, p.26).

'...spesifiek...konstant...' (Crites, 1969, p.26); 'sekere stabiele..kenmerke' (Hopson in Hopson & Hayes, 1968, p.486). Daarteenoor: '..labil, ongedefinieerd, nie skerp gedifferensieerd nie' (Révész, 1953, p.142).

#### Enkele besondere omskrywings van 'aanleg'

Guilford (1959, p.342-343). Hy sien aanleg as 'onderliggende dimensies van vermoë' op drie vlakke, naamlik die perseptuele, psigmotoriese en intellektuele vlak.

Super & Crites (1962, p.71, 72 en Crites, 1969, p.26). Hierdie skrywers beskou aanleg as 'spesifieke faktoriese eenheidsdimensies van gedrag wat die aanleer van 'n taak vergemaklik en redelik konstant is met tydsverloop'.

Rodger in Hopson & Hayes (1968, p.368, 369). Hierdie skrywer verkies om te praat van 'spesiale aanlegte' en sien dit as talente, bykomstig tot algemene intelligensie op sekere beperkte gebiede, beskikbaar om die algemene kapasiteit te 'help' as materiaal van 'n besondere soort, byvoorbeeld musiek, gehanteer word. Hul is soos hulpwerktuie waarvan die bruikbaarheid in werklikheid afhang van die mate waarin die hoofwerktuig kragtig en effektiief is; as die hoofwerktuig goed is, is die kans vir die benutting van die hulpwerktuie gering. Die besit van relevante spesiale aanlegte sal help om op te maak vir tekortkomings van 'n ander aard, veral in algemene intelligensie. Blote bevoegdheid op 'n spesiale gebied soos musiek, is nie 'n noodwendige teken van die teenwoordigheid van 'n spesiale aanleg nie - dit mag 'n ander oorsprong hê. Slegs as die persoon beter op hierdie gebied is as die meeste mense van die selfde ouderdom, algemene intelligensie, belangstelling en geleenthede, kan redelikerwys van die bestaan van 'n spesiale aanleg gepraat word.

Gekoski (1964, p.34-37, 39, 41, 44). Vir hierdie skrywer bestaan aanleg uit vyf komponente, naamlik intelligensie, belangstelling, persoonlikheid, spe-

siale vermoëns en houding. Hierdie standpunt word onderskryf deur Van der Walt (1970, p.180) terwyl dit eintlik eerder 'n omskrywing van 'algemene bekwaamheid' kan wees (Alberts, 1967, p.11) of van 'vermoë' in die omvattende sin wat Miller, Super & Crites en Goslin dit beskou (sien hierbo, bladsy 10). Verder beskou Gekoski aanleg as 'n hipotetiese of wetenskaplike konstruk, 'n abstraksie of afgetrokke denkbeeld van gedrag. Dit is dus 'n konsep wat voldoen aan die vereiste om huidige kennis te verantwoord en gevolgtrekkings of veronderstellings omtrent nuwe waarnemings te voorsien - 'n gepostuleerde eienskap wat veronderstel is om in toetsprestasie gereflekteer te wees, met sekere voorspellingshoedanighede (Helmstadter, 1964, p.18; Adams, 1966, p.128). Dit beteken dat hoewel aanleg nie gesien of fisiologies opgespoor kan word nie, sy teenwoordigheid of afwesigheid afgelei kan word uit 'n individu se voordrag of uitvoering in verskillende situasies en sy optrede in soortgelyke (nie noodwendig identiese) situasies voorspel kan word (Goslin, 1966, p.125; Baldwin in McClelland et al, 1958, p.197).

## 2.2 VERMOË

- Elemente in dalende rangorde met frekwensie aangedui:

Handeling uitvoer, aktiwiteit, voordrag (16)	Faktore (4)
Bevoegdheid (11)	Omgewing (3)
Opleiding, oefening (7)	Vermoë (3)
Spesiale teenoor algemene vermoë (6)	Aanleg (3)
Bekwaamheid (6)	Vaardigheid (2)
Stel response (5)	Aanpassing (2)
Karaktertrek, eienskap (4)	Aangebore nie aangedui (2)
	Persoonlikheidsdimensie (2)
	Kapasiteit (2)

- Hoofelemente in dalende rangorde met frekwensie aangedui:

Bevoegdheid (11)	Psigologiese toestand (1)
Stel response (3)	Geskiktheid (1)
Eienskap (2)	Hipotetiese konstruk (1)
Bekwaamheid (2)	Optrede, voordrag (1)
Vermoë (2)	Kapasiteit (1)

- Klassifikasie

Behavioristies: 'Bevoegdheid om 'n handeling uit te voer, aktiwiteit te verrig' (Bingham, 1942, p.19; Good, 1973, p.1; Gekoski, 1964, p.41; Wolman, 1975, p.2).

Opvoedkundig: 'voor of na (met of sonder) oefening en opleiding' (Drever, 1956, p.7; English & English, 1961, p.1; Warren, 1934, p.1).

Empiries: 'stel response', 'meetbare voordrag of prestasie' (Goslin, 1966, p.126; Dawis et al in Hopson & Hayes, 1968, p.243, 246; Bennett, 1963, p.254).

Sosiaal: 'verklaar deur omgewingsinvloede', 'omgewings gekondisioneerd', 'in staat om aanpassend op te tree' (Wrightstone et al, 1956, p.311; Green, 1970, p.95; Baldwin in McClelland et al, 1958, p.197).

Summaties: 'uit baie faktore saamgestel', 'sluit sowel aanleg as bekwaamheid in' (Goslin, 1966, p.126; Super & Crites, 1962, p.73; Bennett, 1963, p.254).

Psigies: 'verwys na persoonlikheidsdimensies, psigologiese toestande, sluit alle moontlike karaktertrekke in' (Guilford, 1959, p.342; Meili in Eysenck et al, 1972, p.5; Bennett, 1963, p.259).

- 'n Moontlike samevattende omskrywing van 'vermoë', gebaseer op bestaande uit-eensetting, kan wees die huidige bevoegdheid of bekwaamheid om 'n sekere aktiwiteit te verrig of 'n handeling uit te voer.

Dit is opmerklik dat skrywers versigtig is wat betref die betekenis van aangebore of omgewingsfaktore en die rol van oefening en opleiding. Meili (in Eysenck et al, 1972, p.5) sluit faktore soos belangstelling, aktivering, oefening en 'sekere ondervindings' uit, terwyl Good (1973, p.1) motivering en Bennett (1963, p.259) alle denkbare persoonlike karaktertrekke insluit. Vir sommige skrywers is 'vermoë' beslis aangeleer 'tot verskillende grade van bekwaamheid (Lundin, 1967, p.206) en 'omgewingsgekondisioneer' deur faktore

soos individuele ywer, huislike agtergrond, kwaliteit van skoolonderrig en belangstelling (Green, 1970, p.95).

Verskillende skrywers onderskei 'algemene vermoë' van 'spesiale vermoë' (onder andere Drever, 1956, p.7, English & English, 1961, p.1, Bingham, 1942, p.19, Remmers et al, 1960, p.351) asook 'primêre vermoë' (Guilford, 1959, p.342) en 'spesifieke vermoë' (Van Essen, 1953, p.2). 'Algemene vermoë' word dikwels as sinoniem met intelligensie, skolastiese vermoë en verstandsvermoë gebruik terwyl Guilford (op cit.) met 'primêre vermoë' verwys na persoonlikheidsdimensies. Verskillende skrywers sien 'spesiale vermoëns' as sinoniem met 'aanleg' (Alberts, 1967, p.12, Guilford, op. cit.) terwyl 'n ander dit as 'n onderdeel, as een van die komponente van aanleg reken (Gekoski, 1964, p.35-37).

Net soos Gekoski (op. cit.) sien Goslin (1966, p.124-126) vermoë as 'n hipotetiese konstruk, 'n abstraksie, iets wat afgelei word vanuit 'n individuale prestasie. Dit impliseer vir hom 'n stel response wat diep in die individu gesetel is. (Goslin onderskei hier egter nie duidelik tussen 'vermoë' en 'aanleg' nie.) Ook Dawis et al (in Hopson & Hayes, 1968, p.243-244) assosieer 'vermoë' met response en postuleer 'vermoëns' as breë maar herkenbare klasse van response. Die kwaliteit of sterkte van 'n besondere vermoë, in verhouding tot ander vermoëns, sal afhang van die individu se respons potensiaal, vorige geleenthede om response te gee en die 'versterkingswaarde' van omgewingskondisies wat volgehoue response toelaat. As gevolg van verskillende sosiaal-opvoedkundige vereistes, ondervind die individu gedifferensieerde aanwending of benutting van sy vermoëns met as gevolg 'n stel van meer spesifieke vermoëns wat op verskillende 'sterktes' opereer.

## 2.3 TALENT

### • Elemente in rangorde

Besondere gebied of rigting (10)	Begaafheid (3)
Hoë graad of vlak (9)	Opleiding, oefening (3)
Natuurlik, aangebore (9)	Potensiaal (2)
Vermoë (5)	Aktiwiteit (2)
Aanleg (5)	Ontvanklikheid (2)
Kapasiteit (5)	

- Hoofelemente in rangorde

Vermoë (5)	Potensiaal (1)
Aanleg (4)	Toerusting (1)
Kapasiteit (4)	Bekwaamheid (1)
Begaafdheid (4)	Geestesgawe (1)
Geskiktheid (2)	

- Klassifikasie

Eksklusief: 'uitsonderlike, hoogstaande geskiktheid van begaafdheid', (Marijnen, 1962, p.215; Farnsworth, 1976, p.233; Eysenck et al, Vol. III, 1972, p.301).

Funksioneel: 'aanleg in 'n spesiale rigting, 'in staat tot hoë funksionering', 'uitvoeringskapasiteit in artistieke of kreatiewe vaardighede' (Drevor, 1956, p.288; Duminy, 1959, p.40, 41; Lundin, 1967, p.206; Good, 1973, p.582).

Biologies: 'natuurlike toerusting, aangebore vermoë en kapasiteit; die besit van oorgeërfde strukture' (English & English, 1961, p.2; Wolman, 1975, p.370; Kwalwasser, 1955, p.32).

Opvoedkundig: 'ontvanklikheid vir buitengewone opleiding' (Bingham, 1942, p.20; Warren, 1934, p.272).

Sosiaal-behavioristies: 'aanleg vir gespesialiseerde beroep of gebied van menslike aktiwiteit' (Révész, 1953, p.142; Hadley, 1961, p.680).

- Samevattend kan talent omskryf word as 'n hoë graad van aangebore vermoë, aanleg of kapasiteit op 'n spesiale gebied soos die visuele kuns of musiek.

Uit 'n studie van die verskillende omskrywings van talent, blyk dit dat die aangebore faktor meestal beklemtoon word terwyl omgewingsfaktore, insluitend oefening en opleiding, selde vermeld word. In hierdie opsig word 'talent' dus

duidelik onderskei van 'aanleg' en 'vermoë'. Verder word dit onderskei van 'genialiteit' daarin dat dit nie die terrein van oorspronklikheid betree nie (Duminy, 1959, p.40) en van 'begaafdheid' deurdat die besondere gawes wat met talent verband hou net op 'n enkele, eng omskreve gebied tot uiting kom (ibid. p.41). Volgens een skrywer (Van Essen, 1953, p.275) lê 'talent' tussen 'geniaal' en 'intelligent' en is dit 'n sinoniem vir 'bekwaamheid' (proficiency).

Verder word onderskei tussen 'talenttipe' en 'talentrigting' (Révész, 1953, p.142). Eersgenoemde is dan 'n integrale, homogene kapasiteit in 'n onderskeie gebied, 'n aangebore werksdisposisie wat sigself uitdruk in kreatiewe aktiwiteit. In die loop van die individu se lewe kan so 'n voordrag van spesiale talent as gevolg van interne en eksterne faktore verskillende 'rigtings' neem, gekenmerk deur 'n verhoogde belangstelling vir 'n spesiale gebied en deur 'n spesiale geesteshouding en gedagtewyse of fantasie. Dit gee 'n spesiale struktuur aan die oorspronklike homogene talent wat dan maklik die indruk van 'n besondere talent kan gee. Die eenheid en organiese totaliteit van die kreatiewe talent, manifesteer sigself op alle gebiede van menslike aktiwiteit en is veral duidelik op die terrein van musiek.

## 2.4 KAPASITEIT

- Elemente in rangorde

Vermoë, begaafdheid (9)	Funksie (3)
Aangebore, oorerwing (6)	Intelligensie (2)
Potensiaal (6)	Aanleg (2)
Boonste grens, maksimum (5)	Handeling, verrigting (2)
	Toetstellings (1)

- Hoofelemente in rangorde

Vermoë (8)	Eienskappe (1)
Volle potensialiteit (6)	Bevoegdheid (!)
Aanleg (2)	Intelligensie (1)
Retensie of bevattingsvermoë (2)	Boonste grens van ontwikkeling (1)

- Klassifikasie

Sosiaal-opvoedkundig: 'waar optimale opleiding en omgewing beskikbaar is' (Good, 1973, p.78; English & English, 1961, p.75).

Biologies: 'aangebore vermoë of konstitusie', 'klem op oorerwing' (Warren, 1934, p.37; Farnsworth, 1976, p.229; Seashore, 1919, p.14).

Empiries: 'afgelei van gedragsmanifestasies soos toetstellings' (Farnsworth, 1976, p.151).

Intellektueel: 'sluit retensievermoë, geheue, intelligensie in' (Noll, 1957, p.236; Hadley, 1961, p.654; Eysenck et al, 1972, p.148; Van Essen, 1953, p.41).

Eksklusief: 'uiterste, maksimum potensiaal of vermoë' (Wolman, 1975, p.52; Green, 1970, p.95; Gekoski, 1964, p.43).

Behavioristies: 'raamwerk waarin handelinge ontwikkel, verrigtingsvermoë' (Lundin, 1967, p.206; Van Essen, 1953, p.41).

- 'n Moontlike omskrywing van 'kapasiteit', sou wees die aangebore maksimale potensiële vermoë of bevoegdheid ten opsigte van 'n funksie of handeling.

Soos dit die geval was by die analise van talent, beklemtoon verskeie skrywers die rol van oorerwing by 'kapasiteit' en sien dit as 'n konstitutionele faktor of raamwerk wat bestaan voor 'n gegewe leerperiode (Lundin, 1967, p.206, English & English, 1961, p.75) en die enigste beperkende faktor vir die optimale ontwikkeling van die individu (Green, 1970, p.95). 'n Verskeidenheid eienskappe en komponente word vermeld, byvoorbeeld aanleg, fisiese vermoë, intelligensie, geheue, natuurlike bevoegdheid en gedragsuiting. Dit word ook feitlik as sinoniem met 'vermoë' (Eysenck et al, op. cit., English & English, op. cit.), intellek (Van Essen, op. cit.) en intelligensie (Hadley, op. cit.) beskou.

## 2.5 BEGAAFDHEID

- Elemente in rangorde

Superieur, hoë graad (9)	Prestasie (3)
Aangebore, genetiese faktore (7)	Fisiiese of verstandelike ontwikkeling (3)
Vermoë (7)	Persoonlikheid (2)
Talente (4)	Aktiwiteit (2)
Intelligensie, skranderheid (4)	Potensiaal (2)
Kapasiteit (3)	Omgewing (2)

- Hoofelemente in rangorde

Vermoë (5)	Ontwikkeling (2)
Intelligensie, intellektueel (4)	Bekwaamheid (1)
Kapasiteit (3)	Totale persoonlikheid (1)
Talent (3)	Eienskap (1)
	Potensiaal (1)

- Klassifikasie

Biologies: 'aangebore fisiese of verstandelike potensiaal of kapasiteit' (Wolman, 1975, p.121; Drever, 1956, p.91; English & English, 1961, p.180).

Intellektueel: 'beskik oor goeie algemene intelligensie, intellektuele skranderheid' (Van Essen, 1953, p.31; English & English, 1961, p.226; Warren, 1934, p.115).

Sosiaal: 'aangepastheid in die samelewing', 'veral bepaal deur omgewingsfaktore' (Duminy, 1959, p.38; Eysenck et al, 1972(II), p.21).

Behavioristies: 'prestasie op begrensde gebied van menslike aktiwiteit of werksaamheid' (Good, 1973, p.261; Révész, 1952, p.5).

Eksklusief: 'talente van hoë graad', 'superieure potensiaal, kapasiteit' (Wolman, 1975, p.121, 160; Drever, op. cit.; English & English, op. cit. p.180).

Karakter: 'hou verband met totale gerypte persoonlikheid' (Marijnen, 1962, p.91; Duminy, op. cit.).

- Samevattend kan begaafdheid dan beskryf word as 'n hoë graad van aangebore intellektuele vermoë, spesiale talent of kapasiteit ten opsigte van 'n besondere aktiwiteit of prestasie.

Weer eens word die aangebore aspek beklemtoon hoewel daar vir sommige 'tegnies geen implikasie van oorerwing' bestaan nie (English & English, 1961, p.226). Dieselfde skrywers meld egter elders dat dit 'grotendeels aangebore' is (op. cit. p.2) of 'gekondisioneer deur oorerwing' (op. cit. p.180). Ander skrywers beklemtoon weer die betekenis en rol van omgewingsfaktore (Marijnen, op. cit., Eysenck et al, op. cit.).

Soms word onderskei tussen algemene en spesifieke begaafdheid (Wolman, op. cit. p.160, Duminy, op. cit. en English & English, p.115, 226). Dieselfde skrywers, saam met Révész (op. cit.) en Drever (1956, p.228) beskou begaafdheid as sinoniem met talent.

Duminy (op. cit.) beklemtoon persoonlikheidsfaktore by begaafdheid en onderskei as kenmerke originaliteit, spontaneiteit en aangepastheid in die samelewing, terwyl ander skrywers die ontwikkelingspotensiaal van die individu aksentueer (Warren, op. cit., Duminy, op. cit. en English & English, op. cit. p.180).

Révész (op. cit. p.5-9) onderskei vier arbeidstipes van begaafdheid in 'n stygende waardeskala van geestelike peil, naamlik reproduktiewe, applikatiewe, interpretatiewe en produktiewe begaafdheid. Onder reproduktiewe begaafdheid verstaan hy ' die besonder ontwikkelde vermoë tot getrouwe nabootsing van menslike arbeidsprestasies en die noukeurige weergawe van eie ervarings in hul oorspronklike vorm'. Met applikatiewe begaafdheid dui Révész talent aan 'wat iemand in staat stel om opvattinge, gedagtes en metodes van andere sy eie te maak, dit sinvol te gebruik en indien nodig, te wysig'. Op die derde trap staan die interpretatiewe begaafdheid, die vermoë om 'werke van ander so te kan uitle de of uitbeeld dat, naas die bedoeling van die skepper, ook die

geestelike persoonlikheid van die vertolker duidelik tot uitdrukking kom'. Interpretatiewe begaafdheid vorm reeds 'n oorgang na die kreatiewe of produktiewe begaafdheid waar dit gaan om 'die voortbring van oorspronklike werk, die skep van nuwe, tot nou toe onbekende materiële en geestelike waardes'. Individue met middelmatige prestasievermoë sou, volgens Révész, slegs tot die eerste twee vorme van begaafdheid in staat wees terwyl alleen die talentvolle en geniale individue al vier die vorme van begaafdheid bereik.

Hierdie uiteensetting van Révész bied 'n nuttige interpretasiebasis vir die uiteensetting van musikale aanleg en sal dus later weer ter sprake kom.

## 2.6 BEKWAMHEID

- Elemente in rangorde

Vermoë (7)	Aanleg (3)
Graad (7)	Aktiwiteit (3)
Vaardigheid (5)	Persoonlikheid (2)
Uitvoering (4)	Omgewing (2)
Handeling (4)	Taak, beroep (2)
Insig, kennis, begrip (3)	Gemak, presisie (2)

- Hoofelemente in rangorde

Graad van vermoë (7)	Ontwikkeling (!)
Kennis, begrip, insig (3)	Handelinge uitvoer (!)
Vaardigheid (3)	Kapasiteite (!)
Bevoegdheid (1)	Respons (!)

- Klassifikasie

Intellektueel: 'Verworwe kennis, begrip en insig in 'n besondere rigting' (Fouché en Alberts, 1971, p.4; Drever, 1956, p.220; Warren, 1934, p.212).

Sosiaal: 'verworwe vermoë', 'omgewingsfaktore as determinant' (Alberts, 1967, p.13; Wolman, 1975, p.348).

Eksklusief: 'vermoë van 'n hoë graad' (Good, 1973, p.441; English & English, 1961, p.411; Wolman, op. cit. p.291).

Behavioristies: 'bedrewenheid in 'n aktiwiteit of uitvoering van handelinge' (Super & Crites, 1962, p.73; Warren, 1934, p.251; Hadley, 1961, p.677).

Karakter: 'ontwikkeling volgens belangstellings en ander persoonlikheids-eienskappe' (Alberts, op. cit., Fouché en Alberts, op. cit.)

- Bekwaamheid kan op grond van die voorafgaande uiteensetting omskryf word as die besondere graad van vermoë, kennis, insig of vaardigheid in die gemaklike uitvoering van 'n taak, aktiwiteit of handeling.

Dit is opmerklik dat omgewingsfaktore, verkreeë kennis en die ontwikkeling van vaardighede, hier besondere aksent kry met geen verwysing na die mate van oorerwing, behalwe indirek, waar persoonlikheidsaspekte vermeld word.

Die terme bevoegdheid (competence) en vaardigheid (skill) word soms as sinonieme met bekwaamheid gereken (English & English, 1961, p.411; Warren, 1934, p.212). Bekwaamheid verwys egter eerder na verstandelike vermoë of bevoegdheid en vaardigheid, daarteenoor, na motoriese of handvaardigheidsvermoë. Soms word albei egter ingesluit (Good, 1973, p.441).

## 2.7 GESKIKTHEID

- Elemente in rangorde

Maksimum, boonste grens (5)	Effektiwiteit (2)
Oefening, opleiding (5)	Omgewing (1)
Ontwikkeling (3)	Potensiaal (1)
Vermoë (3)	Bekwaamheid, bevoegdheid (1)

- Hoofelemente in rangorde

Vermoë (3)	Ontwikkeling (1)
Boonste grens (2)	Bekwaamheid (1)
Effektiwiteit (2)	

- Klassifikasie

Opvoedkundig: 'wat bereik kan word met addisionele oefening en opleiding' (Warren, 1934, p.37; Wolman, 1975, p.2).

Eksklusief: 'boonste grens van 'n individu se moontlike ontwikkeling' (Good, 1973, p.78; Bingham, 1942, p.19).

Behavioristies: 'maksimum effektiwiteit wat persoon kan bereik' (Wolman, 1975, p.2; English & English, 1961, p.1).

- Op grond van voorafgaande uiteensetting, sou 'geskiktheid' omskryf kan word as die boonste grens van moontlike ontwikkeling van vermoë op 'n gewe tydstip met optimale oefening en opleiding as vereiste.

Daar word nie altyd 'n duidelike onderskeid gemaak tussen 'geskiktheid', 'bevoegdheid', 'bekwaamheid' en 'kapasiteit' nie. Dit blyk dan ook uit die betrokke omskrywings wat hierbo gegee is. Opleiding en oefening as bepalende faktore, word egter by 'geskiktheid' sterker beklemtoon as by die ander begrippe.

## 2.8 GENIE

- Elemente in rangorde

Hoë vlak, buitengewoon, superieur (7)	Bevoegdheid (1)
Oorspronklikheid, skeppend (7)	Kapasiteit (1)
Vermoë (6)	Insig (1)
Uitvoering (3)	Inspirasie (1)
Prestasie (2)	Begaafdheid (1)
Oorerwing (1)	Aanleg (1)

- Hoofelemente in rangorde

Vermoë, verstandsvermoë (6)	Begaafdheid (1)
Oorspronklikheid (1)	Aanleg (1)

- Klassifikasie

Intellectueel: 'hoë vlak van verstandelike vermoë of spesiale kapasiteit' (Good, 1973, p.259; Drever, 1956, p.105; Eysenck et al, II, 1972, p.17).

Eksklusief: 'buitengewone vermoë, hoogste graad van skeppende begaafdheid' (Bingham, 1942, p.20; English & English, 1961, p.224; Van Essen, 1953, p.104).

Behavioristies: 'buitengewone prestasie of uitvoering en spesiale bevoegdheid' (Good, 1973, p.259; Duminy, 1959, p.42, 43; Warren, 1934, p.114).

- Genie kan samevattend omskryf word as 'n buitengewone hoë vlak van intellectuele vermoë veral ten opsigte van oorspronklikheid, kreatiwiteit en buitengewone prestasie of uitvoering.

Volgens Révész (1952, p.8, 9) gaan dit hier om die hoogste graad of vlak van begaafdheid, die produktiewe, kreatiewe begaafdheid. Eienskappe wat dan ook telkens na vore kom, is oorspronklikheid, vindingrykheid, kreatiwiteit en inspirasie. Révész onderskei ook tussen die sogenaamde 'geniale aanleg' en werklike genie (p.125, 126) daarin dat eersgenoemde deur groot veelsydigheid en wye belangstelling gekenmerk word teenoor 'n sekere eensydigheid en konsentrasie op één doelbewuste aktiwiteit by genie. By laasgenoemde is dit imperatief dat iets wesentlik nuut geskep word, dat 'n baan deurbreek en 'n immanente drang en hartstog uiting vind – 'n psigiese spanning, 'n hoog opstuwende innerlike bewoënheid, die energiebron van elke skeppende arbeid' (Révész, op. cit. p.11).

Dit is opvallend hoe veelvuldig oorvleueling van begrippe by die verskillende omskrywings voorkom. Hier volg dan 'n uiteensetting hoe elke term herhaaldelik by die omskrywings van ander terme voorkom.

VERMOË kom voor by die omskrywing van:

- Aanleg: 'die vermoë om te leer' (Ahmann & Glock, 1971, p.360), 'die vermoë om baat te vind by verdere opleiding' (Aiken, 1971, p.309), 'n natuurlike vermoë wat in 'n bekwaamheid mag ontwikkel' (Greenleaf, 1955, p.21).
- Talent: 'hoeë vlak van aangebore vermoë' (English & English, 1961, p.2; Wolmanm 1975, p.370), 'vermoë op 'n spesiale gebied' (Good, 1973, p.582), 'groot of hoogstaande vermoë (Eysenck et al, III, 1972, p.301), 'spesifieke vermoë in 'n bepaalde rigting' (Duminy, 1959, p.40).
- Kapasiteit: 'potensiële vermoë' (Bingham, 1942, p.19), 'maksimale vermoë' (Gekoski, 1964, p.43), ' 'n algemene term vir vermoë' (Eysenck et al, I, 1972, p.148), 'los sinoniem vir vermoë' (English & English, 1961, p.75).
- Begaafdheid: 'vermoë tot die verwerwing van kennis' (Marijnen, 1962, p.27), 'hoeë vermoë, hoofsaaklik aangebore' (English & English, 1961, p.2), 'hoeë intellektuele vermoë' (Eysenck et al, II, 1972, p.21), 'hoogstaande vermoë in enige opsig' (English & English, 1961, p.226).
- Bekwaamheid: 'die graad van vermoë reeds bereik' (Bingham, 1942, p.19; Good, 1973, p.441), 'die ontwikkeling van potensiële verstandelike vermoëns' (Alberts, 1967, p.13), 'vermoë van 'n aanvaarbare graad' (English & English, 1961, p.411).
- Geskiktheid: 'maksimum vermoë met verdere opleiding' (Bingham, 1942, p.19), 'vermoë waartoe 'n mens bevoegdheid besit' (Van Essen, 1953, p.41), 'die boonste grens van funksionele vermoë' (Warren, 1934, p.37).
- Genie: 'buitengewone hoeë verstandelike vermoë' (Good, 1973, p.259), 'vermoë van heel hoogste graad' (English & English, 1961, p.224), 'hoeë vlak van intellektuele vermoë' (Eysenck et al, II, 1972, p.17), 'buitengewone vermoë ten opsigte van uitvindings' (Bingham, 1942, p.20).

AANLEG kom voor by die omskrywing van:

- Vermoë: 'sluit sowel aanleg as bekwaamheid in' (Bennett, 1963, p.254; Super & Crites, 1962, p.73), 'verstandelike vermoëns, vaardighede en aanleg' (Bennett, op. cit. p.259).
- Talent: 'hoë graad van aanleg' (Bingham, 1942, p.20), 'natuurlike begaafdeheid of aanleg' (Drever, 1956, p.288), 'natuurlike aanleg' (Warren, 1934, p.272; Good, 1973, p.582; Hadley, 1961, p.680).
- Kapasiteit: 'maksimum verstandelike aanleg' (Wolman, 1975, p.52), 'sluit sowel intelligensie as aanleg in' (Noll, 1957, p.236).
- Begaafdheid: 'afhanklik van aanleg' (Marijnen, 1962, p.27).
- Bekwaamheid: 'verworwe kennis...wat ontwikkel het volgens individu se aanlegte' (Fouché en Alberts, 1971, p.4), 'ontwikkeling van potensiële vermoëns of aanlegte' (Alberts, 1967, p.13).
- Genie: ''n kwessie van buitengewone aanleg' (Van Essen, 1953, p.104).

TALENT kom voor by die omskrywing van

- Aanleg: 'talente supplementêr tot algemene intelligensie' (Rodger in Hopson & Hayes, 1968, p.368).
- Vermoë: 'besondere talent' (Van Essen, 1953, p.2).
- Begaafdheid: 'besit van talente van hoë graad' (Drever, 1956, p.91), 'geopenbaarde talente' (Duminy, 1959, p.38), 'besit van een of meer spesiale talente' (Warren, 1934, p.115), 'besit van 'n hoë graad van enige spesiale talent' (English & English, 1961, p.226).

KAPASITEIT kom voor by die omskrywing van:

- Aanleg: 'die kapasiteit om bekwaamheid te verwerf' (English & English, 1961, p.31; Freeman, 1955, p.307; Remmers et al., 1960, p.348), 'aangebore kapasiteit' (Révész, 1953, p.141), 'kapasiteite op spesiale gebied' (Noll, 1957, p.236), ''n natuurlike of verworwe kapasiteit' (Baldwin, 1960, p.64), 'kapasiteit om besondere kennis of vaardigheid te verwerf' (Brown et al., 1966, p.225).
- Vermoeë: 'vaardigheid in die gebruik van 'n kapasiteit' (Seashore, 1919, p.14), ''n ontwikkelde kapasiteit om op te tree' (Bennett, 1963, p.254).
- Talent: 'ver bo gemiddelde kapasiteite' (Révész, 1953, p.142), 'natuurlike toerusting en aangebore kapasiteit' (Kwalwasser, 1955, p.32), 'kapasiteit en vermoë op 'n spesiale gebied' (Good, 1973, p.582), ''n sekere uitvoeringskapasiteit' (Lundin, 1967, p.206).
- Begaafheid: 'natuurlike of aangebore kapasiteit' (Drever, 1956, p.82), 'kapasiteit vir fisiese of verstandelike ontwikkeling' (English & English 1961, p.180).
- Bekwaamheid: 'kapasiteite vir respons, verstandelik of motories' (Warren, 1934, p.212).
- Genie: 'spesiale kapasiteite van 'n skeppende aard' (Drever, 1956, p.105).

BEGAAFDHEID kom voor by die omskrywing van:

- Aanleg: 'kiem van begaafdheid' (Duminy, 1959, p.38), ''n natuurlike begaafdheid' (Baldwin, 1960, p.64).
- Talent: 'natuurlike begaafdheid in 'n spesiale rigting' (Drever, 1956, p.288), 'uitsonderlike, spesiaal gerigte, hoë begaafdheid' (Marijnen, 1962, p.215), 'verdienstelike begaafdheid van spesiale aard' (Van Essen, 1953, p.275).

- Genie: 'baie groot skeppende begaafdheid' (Van Essen, 1953, p.104).

BEKWAAMHEID kom voor by die omskrywing van:

- Aanleg: 'kapasiteit van 'n persoon om bekwaamheid te ontwikkel' (Lyman, 1971, p.187), 'vermoë om bekwaamheid op 'n gegewe gebied te verkry' (Good, 1973, p.37; Adams, 1966, p.628; Mitchell in Mehrens & Lehmann, 1973, p.685; Karmel, 1970, p.465); 'vermoëns om sekere bekwaamhede te ontwikkel' (Alberts, 1967, p.12; Greenleaf, 1955, p.20, 21), 'gereedheid om bekwaamheid te verkry' (Bingham, 1942, p.18).
- Vermoë: 'vermoë word afgelei van bekwaamhede' (Gekoski, 1964, p.41), 'sluit sowel aanleg as bekwaamheid in' (Super & Crites, 1962, p.73; Bennett, 1963, p.254; Miller, 1961, p.276).
- Begaafdheid: 'algemene niveau van bekwaamheid' (Duminy, 1959, p.38).
- Geskiktheid: 'bekwaamheid, veral as vermoë waartoe 'n mens bevoegdheid besit' (Van Essen, 1953, p.41).
- Talent: ''n sekere verkreeë bekwaamheid' (Lundin, 1967, p.206).

GESKIKTHEID kom voor by die omskrywing van:

- Aanleg: 'spesifieke aangebore geskiktheid' (Van der Walt, 1970, p.313), 'geskiktheid vir uitvoering' (Révész, 1953, p.141), 'toestand simptomaties van relatiewe geskiktheid' (Bingham, 1942, p.18), 'geskiktheid op geestelike gebied' (Van Essen, 1953, p.1), 'geskiktheid om baat te vind by 'n studiekursus' (English & English, 1961, p.41).
- Vermoë: 'verwys na geskiktheid van uitvoering' (Guilford, 1959, p.342).
- Talent: 'gewoonlik beskou as hoë geskiktheid' (Farnsworth, 1976, p.233), ' 'n spesifieke vermoë of geskiktheid in 'n bepaalde rigting' (Duminy, 1959, p.40).

Ander begrippe wat veelvuldig voorkom en verband hou met die veelbesproke kwessie van oorerwing teenoor omgewing, is die volgende: aangebore of oorgeerf, potensiaal, oefening en opleiding en omgewingsomstandighede. Dit word hieronder uiteengesit.

AANGEBORE of OORERWING kom voor by die omskrywing van:

- Aanleg: 'die aangebore geskiktheid van 'n mens' (Révész, 1953, p.141), 'aangebore vermoë' (Ahmann & Glock, 1971, p.360), 'aangebore kapasiteit' (Révész, 1953, p.141), 'som van aangebore psigiese eienskappe' (Marijnen, 1962, p.7).
- Talent: 'hoë vlak van aangebore vermoë' (English & English, 1961, p.2; Wolman, 1975, p.370), 'natuurlike toerusting en aangebore kapasiteit' (Kwalwasser, 1955, p.32), 'oorerwing word beklemtoon' (Farnsworth, 1976, p.233).
- Kapasiteit: 'dra konnotasie van aangebore vermoë' (Farnsworth, 1976, p.151), 'betekenis van oorerwing beklemtoon' (ibid. p.229), 'verwys na aangebore bevoegdheid' (Seashore, 1919, p.14), 'potensiaal soos beperk deur aangebore konstitusie' (Warren, 1934, p.37), 'beperk deur genetiese oorerwing' (Green, 1970, p.95).
- Begaafdheid: 'aangebore fisiese of verstandspotensiaal' (Wolman, 1975, p.121), 'aangebore kapasiteit' (Drever, 1956, p.82), 'kapasiteit...gekondisioneer deur oorerwing' (English & English, 1961, p.180).
- Genie: 'impliseer oorerwingsoorsprong' (Warren, 1934, p.114).

POTENSIAAL kom voor by die omskrywing van:

- Aanleg: ''n indiwidu se potensiaal' (Ahmann, 1962, p.81), 'potensiële vermoë' (Freeman, 1955, p.306; Bingham, 1942, p.18; Eysenck et al, I, 1972, p.78; Wolman, 1975, p.30), 'huidige potensialiteite' (Freeman, 1955, p.307), 'term impliseer potensialiteit' (Farnsworth, 1976, p.151),

'potensiële krag' (Duminy, 1959, p.38), 'potensiële moontlikheid' (Bennett, 1963, p.254).

- Talent: 'algemene potensiaal' (Alberts, 1967, p.12), 'potensieel gekonstitueerde oorgeërfde strukture' (Kwalwasser, 1955, p.32).
- Kapasiteit: 'volle (maksimum) potensiaal van 'n indiwidu' (Warren, 1934, p.37; Green, 1970, p.95), 'potensiële vermoë (Bingham, 1942, p.19), 'basiese potensialiteit' (Farnsworth, 1976, p.229), 'raamwerk van biologiese potensiaal' (Lundin, 1967, p.206).
- Begaafdheid: 'aangebore fisiese of verstandspotensiaal' (Wolman, 1975, p.121), 'prestasie op 'n potensieel waardevolle gebied' (Good, 1973, p.261).
- Bekwaamheid: 'ontwikkeling van potensiële verstandelike vermoëns (Alberts, 1967, p.13).
- Geskiktheid: 'potensialiteite vir die nabye toekoms' (Bingham, 1942, p.19).
- Vermoë: 'hang af van 'n indiwidu se responsopotensiaal' (Dawis et al in Hopson & Hayes, 1968, p.243).

OEFENING en OPLEIDING kom voor by die omskrywing van:

- Aanleg: 'met die nodige toepaslike opleiding' (Ahmann, 1962, p.81), 'vermoë om baat te vind by verdere opleiding' (Aiken, 1971, p.360; Hadley, 1961, p.653), 'afhanklik van...vorige opleiding' (Thorndike & Hagen, 1969, p.644), 'deur middel van opleiding sekere vaardighede te verwerv' (Warren, 1934, p.18; Karmel, 1970, p.465), 'indien toepaslike oefening voorsien word' (Mitchell in Mehrens & Lehmann, 1973, p.685; Lyman, 1971, p.187), 'bekwaamheid verkry met gegewe hoeveelheid oefening' (Remmers et al, 1960, p.348).

- Vermoë: 'bevoegdheid...voor of na opleiding en oefening' (Drever, 1956, p.7; English & English, 1961, p.1), 'verworwe deur oefening en opleiding' (Wolman, 1975, p.2), 'veranderlik...kan feitlik onmiddellik verbeter met oefening' (Gekoski, 1964, p.41), 'wat gedoen kan word met huidige opleiding' (Warren, 1934, p.1).
- Talent: 'ontvanklikheid vir hoë graad van opleiding' (Bingham, 1942, p.20; Warren, 1934, p.272), 'in staat tot hoë funksionering met oefening' (Good, 1973, p.582).
- Kapasiteit: 'boonste grens van ontwikkeling waar optimale opleiding beskikbaar is' (Good, 1973, p.78).
- Geskiktheid: 'veronderstel optimale oefening en opleiding' (Good, 1973, p.78), 'ontwikkeling met addisionele oefening en opleiding' (Warren, 1934, p.37), 'effektiwiteit met optimale kondisies van oefening' (Wolman, 1975, p.2; English & English, 1961, p.1), 'maksimum vermoë met verdere opleiding' (Bingham, 1942, p.19).

OMGEWING en -OMSTANDIGHEDE kom voor by die omskrywing van:

- Aanleg: 'afhanklik van...volledige lewensgeskiedenis van fisiese omgewing' (Thorndike & Hagen, 1969, p.644), 'eienskappe verwesenlik deur die werk van omgewingsfaktore' (Révész, 1953, p.141), 'bekwaamheid verkry onder toepaslike omstandighede' (Freeman, 1955, p.307), 'begaafheid...versterk deur ondervinding en omstandighede' (Baldwin, 1960, p.64).
- Vermoë: 'omgewingsgekondisioneerd deur faktore soos...huislike agtergrond' (Green, 1970, p.95), 'versterk deur omgewingskondisies' (Dawis et al in Hopson & Hayes, 1968, p.243).
- Begaafheid: 'vermoë...afhanklik van milieu' (Marijnen, 1962, p.27), 'veral faktore wat verband hou met familie-omgewing' (Eysenck et al, II, 1972, p.21).

- Bekwaamheid: 'omgewingsfaktore...' (Alberts, 1967, p.13).
- Geskiktheid: 'ontwikkeling...omgewing...veronderstel' (Good, 1973, p.78).

## 2.9 SAMEVATTING

Uit die omvattende en bykans oorweldigende aantal definisies en omskrywings van begrippe soos aanleg, vermoë, begaafheid en dergelike meer, kan kwalik 'n enkele, allesomvattende sintese en afdoende gevolgtrekking gemaak word. Die kernprobleem in verband met die formulering van enige wetenskaplik betroubare definisie, is waarskynlik hoe breed of eng 'n begrip omgrens, dit wil sê, hoe algemeen of spesifieker die afbakening van wesenskenmerke moet wees, sonder om in vae, onduidelikheid te verval. Algehele isolering skyn onmoontlik te wees aangesien minstens 'n mate van oorvleueling met ander begrippe steeds sal voorkom. Vir die doel van die ondersoek gaan dit hier in hoofsaak om huidige funksionele aanleg (soos afgelei uit toetsdata) se voorspellingswaarde met betrekking tot potensiële funksionele aanleg.

Hoewel begripsomskrywings dus betreklik algemeen en vaag sal bly, bied dit nogtans 'n betekenisvolle wegwyseende hipotese en denkbeeld, nie vanweë teoretiese duidelikheid, ondubbelzinnigheid en eksaktheid nie, maar op grond van praktiese bruikbaarheid.

Samevattend kan aanleg gesien word as 'n spesifieke arbeids- of prestasie-potensiaal wat 'n aanduiding gee van moontlike ontwikkeling en bekwaamheid. Aanleg behels sekere stabiele, unitêre en relatief onafhanklike psigiese eienskappe wat aanvaar word, nodig is vir 'n bepaalde arbeidsgebied of verdere op-leiding. Dit is 'n hipotetiese konstruk wat afgelei word uit prestasie en dus nie direk gemeet kan word nie.

Vermoë word hier in 'n algemene, omvattende sin verstaan as die huidige prestasiebevoegdhede om sekere take en aktiwiteite uit te voer. Dit is dus geaktualiseerde eienskappe wat van betekenis is by suksesvolle prestasie of vaardighede.

Die genoemde aanverwante begrippe kan kortliks soos volg onderskei word.

Talent word as hoëgraadse aanleg, kapasiteit as maksimale potensiële bevoegdheid, begaafdheid as hoëgraadse intellektuele vermoë en genie as buitengewone intellektuele vermoë gesien. Hoewel die onderskeiding nie baie duidelik is nie, kan 'n redelike direkte verband hiervan met aanleg opgemerk word. Bekwaamheid is 'n besondere graad van vermoë, insig en vaardigheid terwyl geskiktheid op die boonste grens van moontlike ontwikkeling met verdere oefening en opleiding duif. Laasgenoemde twee terme sluit dus nou aan by die begrip 'vermoë', soos hierbo omskryf.